

Dag 20 – Saggeus



Skryf jou naam van bo na onder op 'n skoon bladsy. Help mekaar om vir elke letter van jou naam 'n woord te skryf wat jou beste eienskappe beskryf. Plak dit in jou kasdeur of enige plek waar jy dit gereeld sal raaksien om jou te herinner aan hoe God jou ook sien.

Woord: LUKAS 19:1-10 **JESUS EN SAGGEUS**

(video van storie ook beskikbaar by: (<https://www.youtube.com/watch?v=qNqjKrlQBDU>))

Jesus het in Jerigo ingegaan en deur die stad geloop. Daar het 'n man in die stad gewoon, sy naam was Saggeus. Hy was die hoof van die tollenaars en hy was 'n ryk man. Hy wou graag vir Jesus sien en sien wie Hy was. Maar omdat daar so baie mense was, kon Saggeus nie vir Jesus sien nie, want Saggeus was 'n kort mannetjie. Toe het Saggeus vooruit gehardloop en in 'n vyeboom geklim sodat hy vir Jesus kon sien, want Jesus moes daar verbyloop.

Toe Jesus by die boom kom, het Hy opgekyk en vir Saggeus gesê: “Saggeus, klim gou af, want Ek moet vandag in jou huis gaan oorbly.” Saggeus het gou afgeklim en vir Jesus in sy huis ingenooi. Saggeus was baie bly dat Jesus in sy huis wou kom bly. Maar die mense wat dit gesien het, was baie ongelukkig. Hulle het gesê: “Jesus het by 'n sondige man se huis ingegaan om daar te bly.

Saggeus het vir Jesus gesê: “Here, ek belowe ek sal die helfte van alles wat ek het, vir die arm mense gee. As ek te veel geld van iemand gevat het, sal ek vier maal meer teruggee.” Jesus sê toe vir Saggeus en vir almal wat ontevrede was: “Vandag het God die mense in hierdie huis gered, want Saggeus is ook van die nageslag van Abraham. Ek, die Seun van die mens, het gekom om almal wat verlore is, te soek en te red.”



Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Hoekom kon Saggeus nie vir Jesus sien nie?
2. Hoekom het die mense nie van Saggeus gehou nie?
3. Wat het Saggeus gedoen om Jesus te sien?
4. Sou jy van iemand hou wat jou speelgoed vat? Of jou geld steel?

Dalk nie, maar die goeie nuus is dat Jesus steeds gekies het om by Saggeus te gaan eet, want Jesus vergewe en is onvoorwaardelike lief vir Saggeus.

Gebed

Liewe Heer, help my om eerlik en regverdig te wees.

Muntstuk speletjie

Kry vir julle elkeen drie muntstukke.

Of maak beurte om die 3 te gebruik.



1. Rol die muntstukke en kyk wie s'n kan die verste rol. Gee almal 3 beurte en kyk wie kom die verste.
2. Neem 'n koppie en gooi die muntstukke na die koppie. Die een wat die meeste ingooi, is die wenner.

Aktiwiteit

Druk die prent uit. Sny dit uit op die rooi lyne en bou die legkaart.

